**Oestyd-Nuusbrief**

**3de Kwartaal 2009**

Geagte Broer en Suster,

## INLEIDEND

Hiermee die derde Oestyd van 2009. Dankie aan elkeen wat finansieel bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer- belofte na te kom - indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Ons is nog steeds dringend op soek na iemand wat bereid is om kwartaalliks uittreksels uit die verskillende sendelinge se nuusbriewe te maak en dit bymekaar te sit om die Oestyd die lig te laat sien. Kontak asseblief vir Chris Botha (Leier van die Taakspan vir Sending) indien u bereid is of meer inligting verlang.

## FRANKRYK

Corné en Sophie du Plooy met Claire, Thomas en Sébastien

Ek (Leon Tait) het deesdae meer kontak met Corné-hulle per Skype oor die internet. Dit gaan goed met hulle. Die gemeente het uit 35 lidmate bestaan toe hulle daarheen beroep is. Tans staan die lidmaattal op 55. Corné sal DV gedurende Januarie en Februarie 2010 Suid-Afrika besoek om die gemeentes wat hom ondersteun, meer in te lig aangaande sy Bediening in Frankryk, waar daar bittermin Christene is.

Gebed

- Bid vir die geestelike verdieping van hul gemeente, en vir 'n toenemende "commitment" tot Jesus Christus.
- Bid dat dat 'n gees van getuienisskap sal groei en dat lidmate tot die gemeente gevoeg sal word.
- Bid vir toe toenemende groei van die finansies van die gemeente.

## ALTA GLAS – KAMBODJA – uittreksel uit haar nuusbrief ontvang Junie 2009.

My Pos adres het verander:

Alta Glas PO Box 2421

Phnom Penh Cambodia

Phone: 855 (0)12 942304

E-mail: alta@veritascollege.org alta.kh@gmail.com

Die Druppels in die emmer is meer !!

Onthou jy van die Khmer pastore se projek om weeskinders in die 'villages' by alreeds arm familielede te integreer dmv 'n sak rys ($15) per maand as donasie? Ek is dankbaar dat 4 van die 17 kinders in Sok se 'village' nou maandeliks ondersteun word. Die kinders in Valleisig gemeente het geld gegee vir 2 maande se sakke rys vir Sok Kosal (12jr, foto) wie se ouers aan Aids oorlede is. Dankie julle almal, julle maak 'n verskil!!

Vreugde!!

In my huis/kantoor area bly 2 jong manne. Sary 'n student en Saran. Dit help dat daar altyd iemand in die huis/kantoor is as ons almal in die provinsies is. Wel ... Sary het geweet van Christus, selfs kerk toe gegaan. Hy het egter verlede week eers besluit om 'n oorgawe te maak. Hy sal DV saam met die ander 20 in Sok se 'village' die 12de Julie gedoop word. Bid asb saam vir die nuwe bekeerlinge in Sok se gemeente.

Veritas Kollege Kambodja - 2009

Ek is baie trots op my medewerkers – met my terugkoms vanaf SA was die bewyse daar dat hulle goeie rentmeesters was t.o.v. van die bediening se bestuur tydens my afwesigheid. Die konferensie in Stellenbosch was regtig goed – Baie aandag was aan belangrike administratiewe aspekte binne Veritas gegee. Wat my persoonlik die diepste geraak het was die terugvoer van 'toe' lande waar dit moeilik gaan. Die werk wat Veritas leiers in die spesifieke lande doen het 'worship' en 'awe' in my oopgebreuk en my hart gevul met gebed. Ek was meer opgewonde oor die werk wat hulle doen as dit wat ons hier in Kambodja onder baie makliker omstandighede doen - maar dit het my ook opgewonde gemaak om deel te kan wees van 'n organisasie wat daarop gerig is om Christene in verskeie lande te onderrig of terug te bring na die Bybel. Bid asb vir Veritas se internasionale werk.

Web adres: www.veritascollege.org

Finansiële Ondersteuning:

Veritas ministry: Veritas College SA-Trust

ABSA: Cheque acc. 4057304570/ Branch 334-410

Laat weet Veritas College asb as jy inbetaal: Fax: +27-21- 8873626

**ALTA GLAS – KAMBODJA – uittreksel uit haar nuusbrief ontvang Augustus 2009.**

Veritas Kollege Kambodja

Medewerkers ... Dit gaan goed met ons almal, ons geniet mekaar en groei saam. Tharoth, 'n Metodiste pastoor is aangestel op 'n proeftydperk van 3 maande.

Opleiding ... Die vorige groepe is afgehandel en ons almal is opgewonde dat ons nou met Module 2 gaan begin. Die afgelope 2 jaar se Module 1 groepe wat in spesifieke areas opgelei en wat die kursus voltooi het sal saam die module 2 groepe vorm. Ons het vir die jaar (Augustus 2009 – Julie 2010) 8 Module 1 en 8 Module 2 groepe beplan, ongeveer 350 studente. Bid asseblief vir ons vir al die voorbereidings. Vanaf Oktober sal ons elke week (Maandag tot Vrydag) in die provinsies wees met opleiding en slegs ± 3 dae 'n maand in Phnom Penh wees. Bid asb vir Sok en Tharoth wat gesinne het – bid asb vir wysheid en vir ons beplanning. Bybels Navorsing het bevind dat die Khmer se vlak van geletterdheid meer as75% is. Tog het slegs ±28.1% belydende Christene Bybels. Die rede is eenvoudig dat dit net te duur is (US$ 6 – 7/Bybel) vir baie van die Christene. Dankie aan NG Valleisig wat geld geskenk het sodat ons Bybels kon aankoop en vir gemeentes kon gee.

Sok se gemeente

Die hoogtepunt die afgelope paar maande was dat 30 mense in Sok se gemeente gedoop is en die voorreg om deel te kon wees daarvan. Dit was baie spesiaal dat Khmer wat jare gelede gebruik gemaak het van AOC se mobiele kliniek ook gedoop is. Die pastoor wat saam met Sok in die water was tydens die doop, was ook jare gelede deel van die selgroep in Prek Rey, nou is hy 'n pastoor. Die Here weet wat Hy beplan – die toekoms is in Sy hande. Die saadjies wat deur baie mense geplant is gedurende die mediese klinieke het onder die Heilige Gees en Sok se leiding tot volwassenheid gegroei. Sok se gemeente is besig om te groei, hy het nou 4 huis kerke.

'Village' weeskinders voedingskema

Al die kinders in Sok se village is vir die res van die jaar geborg deur Lucille en RTxray/Ebenaeser. Hennie en Dorothy van Ebenezer gemeente het kom kuier. Hulle was saam na Sok se village toe en die Here het die kinders op hulle hart gelê. Hennie het gedeel dat rt X-ray se vennote geld geskenk het vir bediening in Kambodja en as ek reg verstaan word dit deur Ebenezer gemeente/Hennie bestuur. Dankie julle.

Die $15per/maand per kind gee nie net 'n sak rys nie maar verseker ook dat hulle skool toe kan gaan en nie in die veld hoef te gaan werk nie. Die Pastoor in Memot het daarvan gehoor en het 'n lysie van 22 kinders met foto's en al gestuur. Bid asb saam dat die Here my wysheid sal gee met die projek en ook hoe om dit verantwoordelik te kan hanteer.

**MOSAMBIEK – GURUE - Uittreksel uit Allan en Ansie van der Merwe se Nuusbrief JUNIE 2009**

Woordskool

Ons het van die gemeentes besoek en kon ‘n duidelike verskil in die leiers wat by die Woordskool was, se prediking hoor. Dit wat hulle sê maak meer sin. Allen het die 330 handboeke aangekoop wat handel oor verskillende boeke in die Bybel. Op die stadium is hulle besig met Hebreërs. Dit neem twee maande om deur `n boek te werk.

Jesus Film

Met groot opgewondenheid is ons uit om die Jesus Film te gaan wys. Toe alles opgestel is en reg vir “uitsaai”, wil die DVD speler nie die dvd “lees” nie. Gelukkig het plan B gewerk: Ons het ‘n film by ons gehad, Luz du Mundu (Lig vir die wêreld)! Dit handel oor die Bybel, van voor Adam en Eva tot met die opstanding. Verskillende kort verhale uit die Bybel word vertel met tekenprente. Die mense het dit baie geniet. Allen het hulle sommer uitgenooi na die erediens die volgende dag. Sewe katolieke daag toe Sondag op! Hulle het nie gereageer op die uitnodiging om Jesus aan te neem as Verlosser nie, maar hulle was daar en ons bid vir hulle!

Radio Projek

Daar kom steeds briewe in van mense uit die omgewing wat vrae vra en getuienisse gee. Ons het `n besoek van `n katolieke outjie gehad wat na ons kerk toe wil oorkom. Huidiglik werk ons programeerders teen `n baie lae inkomste, minder as die normale minimum salaris in Mosambiek. Ons projekfondse is te min om selfs die minimum salaris te betaal. Ons voel hulle verdien baie meer, hulle doen baie waardevolle werk, werk wat ons nie kan doen nie (weens taal). As iemand voel om `n bydrae te maak vir die projekspan se salarisse, kontak asb vir Freddie Swart, wat die projekgelde hanteer. Sy selnr is 0845802403. Hy kan julle ook inlig wat die behoefte is rondom die salarisse.

Chabwe skool

Daar is nog geen verwikkelinge tot op datum oor die staat se plan om die skool oor te neem nie. Intussen gaan die skool aan soos normaal en die onderwysers verkondig terwyl hulle kan!

Nuwe Kerkie

Ons het besoek gaan afle by die inwyding van `n nuwe kerkgeboutjie in ons omgewing (Cocovera). Dis eintlik die derde kerkgebou van die gemeentetjie in die laaste vyf jaar, maar die modderstene en – sement hou nie met die baie reen nie. Die kerkie het baie mooi gelyk; hulle het dit versier met sonneblomme en piesang takke. Die sonneblomme is in die kerk se eie landery gepluk.

Persoonlik

Ons dank die Here vir ons gesondheid; ons is gesond en daar is nie klagtes nie. Ons het `n kleinkind ryker geword einde Mei en kan nie wag om haar te sien nie.

Julle kan saam bid vir:

- Die steeds groeiende kerk van Mosambiek - dat die mense sal weet en verstaan wie Jesus is.
- Omwiwa Yesu Radio projek - dankie aan die Here vir die deure wat Hy vir die projek oopmaak en vra vir insig vir die programeerders.
- Woordskool - Dankie aan die Here vir die getroue bywoning van die ouderlinge en hulle gewilligheid om te hoor, dat die Here hulle ook sal seën en sal versterk.
- Chabwe skool - Die oorname van die skool deur die staat, en dat die kinders nie benadeel sal word daardeur nie.
- Ons kinders - Dankie aan die Here dat hulle gesond en gelukkig is, dankie vir die Here se leiding en hand in hulle lewens.
- Ons gesondheid, ons veiligheid en ook ons finansies, waarvoor ons net baie dankie wil sê dat die Here ons daarmee seën.

Skryf gerus vir ons: mosambieksending@gmail.com ; contact no: +258 822684260 Moz.

**MOSAMBIEK – GURUE - Uittreksel uit Allan en Ansie van der Merwe se Nuusbrief JULIE 2009**

Woordskool

Die eerste twee groepe is klaar met die boek Hebreeus. Ons is dankbaar dat almal nog gewillig is om te kom vir opleiding. Dit was lekker koud met tye, Allen het ons karavaan se tent opgesny om die openinge van die skool toe te maak. Hy het nie die hierdie koue ingedagte gehad toe hulle die woordskool gebou het nie. Voor die gate toegemaak is, het hulle om die konka klas gehad. Dit laat ons net met verwondering na die mense kyk en besef wat hulle bereid is om op te offer om te leer uit die Woord.

Chabwe skool

Die skoolraad en die regering het verder onderhandel oor die oorname van die skool deur die regering. Die kerkraad moet nou bewys dat die grond waarop die skool staan wel aan die kerk behoort. Ons weet glad nie wat die uitkoms van die saak gaan wees nie en wag in spanning om te sien wat gaan gebeur.

Kerkraads vergadering

Allen was na `n kerkraad vergadering so om en by 40km van die huis af. Die laaste 15km was bospad, dit het hom twee ure geneem om die nat en glibberige pad te ry. Hy moes kophou om op die pad te bly. Op die vergadering is bespreek dat daar `n sinodale kommisie vergadering hier by ons huis gehou gaan word die 4 Augustus, waar ons dan 26 ouderlinge en 4 pastors sal huisves.

Uitreik span

Ons verwag `n uitreikspan van Delmas, hulle vertrek 6 Augustus uit Suid Afrika.

Persoonlik

Ek (Ansie) het in die dorp gestap en my linker voet geswik en in die proses `n beentjie in my voet gebreek. Dit is dieselfde been wat die vorige keer gebreek was. Ek was in sak en as daaroor, want ek sou op ‘n Israel-toer gegaan het op 26 Augustus, vir 20 dae. Die gips wat hulle vir my geprakseer het om agter die been en onder om die voet te stut, het `n hele week gesukkel om hard te word. Ek moes dit elke dag oor vasdraai om dit in plek te hou, ek het nou maar my “boot” aangetrek wat baie stewiger is. Ons bid dat die been gou gesond sal word. Allen het saamgeflansde krukke bymekaargehark vir my, in die begin moes die kantoorstoel dien as rolstoel. Allen se rug pla bietjie, die laaste paar dae.

**MOSAMBIEK – GURUE - Uittreksel uit Allan en Ansie van der Merwe se Nuusbrief AUGUSTUS 2009**

Ons het so lekker gekuier saam met die Delmas uitreikspan, hulle het ons baie bederf. Behalwe vir dit, het hulle ons huis se dak herstel, en die huis geverf. Ons het `n stillasie in geloof uit bamboese en planke gemaak, en die manne het heeldag op die dak rondgeskarrel.

In die regmaak proses het Ds. Andre deur die plafon geval. Ons plafonne is 5 meter hoog! Hy het `n klomp lelike kneusplekke, skrape en `n ernstige enkel besering opgedoen. Gelukkig was hier ook `n Hollandse dokter in die omgewing wat by ons Hollandse vriende gekuier het. Hy het na my (Ansie) en na Andre se voet gekyk en raad en medisyne gegee. Die Hollanders het ook saam met ons nagmaal gehou en saamgesing.

In die span was 2 wonderlike kokke. Dit was heerlik om niks te doen en net bederf te word. Lulu, ek (Ansie) en Nicky het heerlik gesit en krale maak, saam ontspan en net rustig gekuier.

Die radio projek manne het ‘n program opname van die Suid Afrikaners gemaak. Allen het dit in Portugeus vertaal. Die program is hier uitgesaai maar ons het dit ook oo ‘n CD gesny sodat dit in SA uitgesaai kan word. Ons het saam met die uitreikspan die Jesus Film gaan wys by een van ons nuwe kerkies, 70km van ons af. Daar was ongeveer 500 mense.

Een van ons sinode se pastore is die hele week besig met besoeke by van ons kerkies. Daar is weer wonderlike groei in al die sones behalwe 1. Altesaam is ongeveer 65 volwassenes gedoop. Die Here is voorwaar aan die werk, bid saam dat hulle sal groei in hul verhouding met Jesus en ons hulle nie sal verwaarloos nie.

**MOSAMBIEK – GURUE RADIOBEDIENING**

Uittreksel uit nuusbrief 10 Augustus 2009

Na die voorafgaande maande se dramatiese ontwikkelinge (ondersoek het aan die lig gebring dat die tesourier en die sekretaris van die radiostasie se geld - ongeveer R1500.00 - "geleen" het en spoorloos verdwyn het. Ook het hulle gaan kla by die gemeenskapsradiostasie dat hul te min geld kry en in samewerking met personeellede is van die lugtydgeld ook aan hulle uitbetaal), het dinge weer rustig begin raak en kon daar weer opnuut gefokus word op die produksie en uitsaai van Christelike radio programme. Op 'n stadium was die gemeenskapsradio gesluit vir vier dae as gevolg van die verkoelers se waaiers wat buite werking geraak het. Getuienis word steeds ontvang van luisteraars wie se lewens radikaal verander het na aanleiding van die Evangeliese Woord wat uitgesaai word.

Een so 'n brief is ontvang van 'n man wat sy vrou en kinders verlaat het vir `n ander vrou en ook van die kerk los geraak het. Nadat hy `n program op die radio gehoor het wat handel oor God se hart en egskeiding, het hy hom bekeer en is terug na sy gesin en ook terug kerk toe. Hy het ingeskryf om dankie te sê aan God en aan die radio bediening vir die programme. Sy kinders het ook ingeskryf om dankie te sê. Die programopstellers kon uit die brief vasstel in watter kerk hy is en sou die daaropvolgende naweek met die man `n onderhoud voer om sy getuienis oor die radio uit te saai. Hulle sou ook met sy gesin en pastoor onderhoude voer ter bevestiging van sy getuienis.

Intussen was daar ook 'n begrotingslys saamgestel vir voorlegging aan die United Christian Broadcasting (UCB) Africa vir goedkeuring. Hierdie begroting was gerig op die onderhoud benodig aan die toerusting en aankope van lugtyd. Die dak van die gebou het begin lek, van die meublement moet vervang word, bystand batterye (vir sonkrag), bystand veldopnemer en skootrekenaars is van die items wat benodig word om te verseker dat die produsering van programme nie vertraag of tot stilstand gebring word nie. UCB-Africa het dan ook die begroting goedgekeur vir 'n bedrag van R36,000. Dit stel ons in staat om in November 'n aanpassing te doen in die vergoeding van die vier programopstellers om dit in lyn te bring met die minimum vergoedingsvereistes wat geld in Mosambiek.

Die vervanging van die Omwiwa Yesu Bestuurskomiteelede wat afgedank is as gevolg van onregmatighede vroeër in die jaar is nog in proses en gaan Allen van der Merwe (plaaslike sendeling) voort om die werksaamhede van Omwiwa Yesu te hanteer en te monitor. Allen se vrou, Ansie, het 'n beenjie in haar voet gebreek toe sy skeef getrap het en kon die plaaslike hospitaal darem die voet in gips sit. Afhangende van die herstel daarvan moet sy dalk terugkeer na SA vir verdere mediese sorg saam met 'n uitreikspan wat tans daar by hulle aan huis is.

Van uitreike gepraat, ons het self beplan om gedurende Julie vanjaar 'n besoek te bring aan Allen-hulle om opnuut eerstehandse inligtng te bekom van die bediening asook ter ondersteuning van die werk wat daar plaasvind. Ongelukkig kon dit nie plaasvind nie en gaan daar reeds vroeg in 2010 beplan word om sodanige besoek te laat realiseer gedurende Julie/Augustus.

In ons volgende nuusbriewe gaan ons die kollig ook laat val op die vier programopstellers, hul getuienis en hul lewensomstandighede om meer insig te kry in hul lewens en die rol wat hulle daar vertolk te verstaan, waarom hulle ons gebede nodig het en waarvoor ons vir hulle kan intree by die Vader.

Bid dan steeds vir:

- Die programopstellers en samestelling van die inhoud van programme;
- Dat al meer mense op hierdie radioprogramme sal inskakel;
- Jesus sal aanvaar as Verlosser en Saligmaker; asook
- Die opvolgwerk wat nodig is om jong gelowiges te help in hul nuutgevonde geloof.

Wil jy deelname verkry in hierdie bediening of meer te wete kom? Maak dan gerus van die e-pos gerief op die webblad gebruik om met ons in aanraking te kom of skakel my per telefoon 0184623664 (huis), 0184629603/8 (werk) of sel 0845802403.

Freddie Swart (Direksie: Gurue Radio Ministry, Suid-Afrika) LET WEL: Hierdie brief is ook te lees op ons webblad: www.gurueradio.org.za

**SENDING SONDER GRENSE – Ds Leon Tait**

Via Sending Sonder Grense word heelwat kinders in Ukraine en Moldawië deur lidmate van ons gemeente geborg. Ds Tait is steeds besig om op die Sondae wanneer hy nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, ‘n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf.

Dank aan die Here wat mense van verskillende gemeentes wat deur ds Tait besoek word, se harte oopmaak vir die nood in die uiters arm oud-Kommunistiese lande met geweldige maatskaplike probleme (bv: in Oekraine is 300 kinderhuise, en in Roemenië is daar 630).

Terugvoer: Daar word gepoog om elke maand vir 20 kinders in kinderhuise borge te kry teen R160 per maand (dit is genoeg om in hierdie oud- Russiese lande letterlik vir alle basiese lewensmiddele wat ‘n kind nodig het, te betaal, asook in hul geestelike, opvoedkundige en emosionele behoeftes te voorsien).

In die vorige Oestyd is genoem dat, deur die Here se toedoen, daar in die eerste 5 maande van 2009 borge vir 187 kinders verkry is! En ook nog vir ‘n hele aantal families. Die Here was ook verder getrou in Junie tot September – in so ‘n mate dat daar nou al vir 308 kinders en gesinne borge gekry is! Alle dank aan die Here daarvoor, en dankie aan almal wat vir hierdie bediening bid.

Bly bid asseblief vir nuwe afsprake – dat gemeentes bereid sal wees om vir my ‘n preek- en aanbiedingsgeleentheid tydens ‘n oggenddiens te gee. Indien u deurlopend teugvoer wil kry en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms asseblief vir ds Tait.

**NAVRAE AANGAANDE SENDELINGE**

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kan u die volgende persone kontak wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy + Koerde - Leon Tait

Mosambiek radiostasie/Allen en Ansie vd Mwerwe - Japie en Ena le Grange

Alta Glas - Chris en Eureka Botha

Ds Hannes Peens (Limpopo) - Leon Tait

Gebedsketting + Laudium - Alet Briers

Sending Sonder Grense - Leon Tait

Sendinggroete in Christus

TAAKSPAN VIR SENDING